

N.G. Gemeente Vaalpark

# Gebedsbulletin no 18

30 April 2023

## Die Heilige Gees (1)
## Wie is die Heilige Gees?

**Die Heilige Gees is God – die derde Persoon van die Heilige Drie-eenheid. Die Vader, die Seun en die Heilige Gees is gelyk in krag, heerlikheid en eer. Elkeen is ‘n persoon, ongeskape en ewig.**
**Party mense wys verkeerdelik na die Heilige Gees as ‘n “krag”, “invloed”,of “geestelike mag”. Ander verwar Sy teenwoordigheid met ‘n emosionele gelaaide atmosfeer. Ongelukkig verwys baie na Hom as “Dit”. Die wêreld weet niks van sy persoon en bediening af nie. Hy is slegs bekend aan opregte gelowiges (Joh 14:17).**
**Die Heilige Gees is God**
**Die stem van God en die stem van die Heilige Gees is een. “Toe het ek die Here hoor vra: “Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?”…Toe het die Here gesê: “Gaan sê vir hierdie volk…”(Jes 6:8-9). Die apostel Paulus sê die Heilige Gees het daardie woorde gespreek wat deur Jesaja opgeteken is (Hand 28:25-27). Om vir die Heilige Gees te jok is gelykstaande daaraan om vir God te jok. “Petrus sê toe vir hom: “Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg… Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God” (Hand 5:3-4).**
**Die Heilige Gees is in noue samewerking met die Vader en die Seun**
**“Toe God die mensdom geskape het, het Hy gesê:”Laat ONS mense maak na ONS beeld, na ONS gelykenis…” (Gen 1:26). Ons is nie geskape na die beeld van engele nie maar van die Drie enige God self. Die Drie-eenheid was betrokke by die toring van Babel toe God die mense se taal verander het (Gen 11:5-9). Jesus het gesê dat Hy die Vader sou vra om “’n ander Trooster” te stuur nadat Hy na die hemel opgevaar het (Joh14:16). Ons word opdrag gegee:” Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die NAAM van die Vader en die Seun en die Heilige Gees..”(Matt 28:19). Toe Jesus gedoop is, het die Gees soos ‘n duif neergedaal op die Seun in die water en die Vader het uit die hemel gepraat (Mark 1:9-11).**

**Dankie!**

**Vir die gawe van die Heilige Gees!**
**Dat in Christus die Heilige Gees wat deur God belowe is, ons as die eiendom van God beseël!**
**Dat die Heilige Gees die waarborg is dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos!**
**Vir die kragtige werking van die Heilige Gees in ons om ons meer en meer na die beeld van Christus, in ons, te verander!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en studente – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom krisis..

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie — Cedric Wiegand
- Maria Steyn — Ria Putter
- Oom Sampie Swart — Oom Stoffel Reynders
- Jaco Steenkamp — Louis Strauss
- Tannie Marinda Jordaan — Heleen J van Vuuren
- Ina van der Merwe — Stefaans du Plessis
- Annika Killian — Sumari Pretorius
- Oom Eberhard Carshagen — Leonie Kruger

Ons innige simpatie met die familie en vriende met die afsterwe van Jeanette Mostert.
Ons innige simpatie ook met die familie en vriende met die afsterwe van Petro Schneider.

## Gedagte vir die week

**“Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.”**

Gebedsversoeke:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org